Sing vooraf staande: Psalm 38:1, 8, 17 (p. 189)

1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / Heer, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.

8 Heer, U weet hoe hart en sinne / staan daarbinne / as ek worstel in my leed.
Voor U is my sugte en sorge / nie verborge, / daar U alles sien en weet.

17 Wil my, Heer, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 3:2 (p. 11)

2 Van God se trou bewus, / was slaap my veil'ge rus / tot ek versterk ontwaak het.
Ek sal hul nou nie vrees, / hoe sterk hul ook mag wees / wat my rondom genaak het.
Staan op, verlos my, HEER! / Verbreek hul tande weer!
U tem die oorlogsvolke! / Aan U die heil alleen!
Stort op u erf 'n seen / soos druppels uit die wolke.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 130:2 (p. 635)

2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Skriflesing: Lukas 22:31-46

Teks: Lukas 22:40; Kategismus Sondag 52.

En toe Hy op die plek kom, sê Hy vir hulle: Bid dat julle nie in versoeking kom nie. (Lukas 22:40 AFR1953)

Die woorde van die Here Jesus dat ons moet bid om uit versoekings uit te bly, is belangrik, want Hy het hierdie woorde vroeër ook 'n keer gebruik. Dit was toe Hy ons die *Onse Vader*-gebed geleer het.

Ons bid altyd vir vergewing van ons skuld. Maar skuldvergewing alleen is nie genoeg nie, want daar is mense wat dink dat mens maar net 'n keuse moet maak vír Christus, en dan is al jou sondes vergewe.

- Ons moet altyd ons eie verantwoordelikheid en hantering van die sonde ook in gedagte hou.
- As jy in Jesus Christus glo, sal jy alles wat jy kan, in die stryd werp om teen die sonde te stry en skuldvry te lewe.
- Maar dan sal jy ook weet dat jy uit jouself nie teen die sonde op jou voete kan bly nie.

Daarom het die gebed die dubbele aksent:

- **Here, lei my nie in versoeking nie,**

en:

- **maar verlos my van die bose.**

Ons gee aandag aan twee sake:

1. Van watter soort versoeking praat die *Onse Vader* nie?
2. Van watter soort versoeking praat die *Onse Vader* wel?

1. Van watter soort versoeking praat die *Onse Vader* nie?

In die Bybel leer ons twee soorte versoekings ken.

- Die een soort versoeking staan dikwels ook bekend as ’n beproewing.
  - Dit is wanneer die Here jou op die proef stel sodat jy moet openbaar of jou geloof eg of vals is.
  - Die Here gebruik partykeer so ’n versoeking sodat die mens wat betrokke is by ’n saak, homself in sy sondes kan ontdek sodat hy tot bekering en berou kan kom.
  - Die geval destyds tussen Dawid en Batseba lê ongeveer in hierdie kategorie.
- Daar is ’n ander soort versoeking en daarby kom ons weer in die tweede gedeelte van die preek. Dit is die versoeking waarvan ons in die *Onse Vader* bid dat die Here ons moet bewaar. Dit is wanneer ons die sonde om die nek gryp en doelbewus die toorn van die Here opwerk.

Die Here gebruik verskillende middele om mense se geloof te toets.

- Daar staan in Eksodus 15:25 dat die Here met die hele episode van die waters by Mara ’n proef aan die volk gestel het.
  - Hulle het byna omgekom van die dors, maar die Here het ’n sekere stuk hout aangewys wat hulle in die water moes gooi, en toe het die water soet geword.
  - Met hierdie daad moes hulle bewys dat hulle glo dat die Here die water vir hulle bruikbaar sou maak as hulle net glo en Hom gehoorsaam.

    En hy het die HERE aangeroep, en die HERE het hom ’n stuk hout gewys; dit het hy in die water gegooi, en die water het soet geword. Daar het Hy vir hulle ’n insetting en verordening vasgestel en hulle daar beproef.
    (Eksodus 15:25 AFR1953)
- Nog ’n voorbeeld is in Deuteronomium 8:2 en 16 waar die Here die Israeliete daaraan herinner dat al die dinge wat hulle oorgekom het in die woestyn, gebeur het om hulle geloof te beproef, en om hulle te suiwer.

  En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die HERE jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou verootmoediging en beproewing, om te weet wat in jou hart is, of jy sy gebooie sal hou of nie. (Deuteronomium 8:2 AFR1953)

  …wat jou in die woestyn manna laat eet het, wat jou vaders nie geken het nie, om jou te verootmoedig en jou te beproef, om uiteindelik aan jou goed te doen –
  (Deuteronomium 8:16 AFR1953)
- Petrus skryf byvoorbeeld in 1 Petrus 4:12, 13 dat die Christene nie verbaas moet wees oor die vuurgloed van vervolging wat oor hulle gaan nie. Dit is ’n beproewing om te sien of hulle ondanks alles hou by die gemeenskap met Christus en sy lyde.

  Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel. (1 Petrus 4:12, 13)
- Jakobus begin sy brief met die woorde dat dit vir hom ’n suiwer vreugde is om in die versoekinge te val, want hy weet dat die beproewing lydsaamheid werk.

So sal mens meer voorbeelde kan noem. Die versoeking waarvan die *Onse Vader* praat, gaan nie

oor hierdie tipe versoekings of beproewinge nie.

2. Van watter soort versoeking praat die *Onse Vader* wel?

Daar is ’n ander soort versoeking – dit is dié soort versoeking waarvan ons bid dat die Here ons moet bewaar.

- Dit is wanneer ons die sonde om die nek gryp en doelbewus die toorn van die Here opwerk.
- Dit is die tipe versoeking waarvan Deuteronomium 6:16 melding maak.

  Julle mag die Here julle God nie versoek soos julle Hom by Massa versoek het nie. (Deuteronomium 6 16 AFR1953)

Hierdie soort versoeking word deur die Satan geïnspireer. Natuurlik kan hy ons nie daarmee aanval soos hy wil nie.

- Hy kan ons eers daarmee aanval nadat hy die toestemming van die Here verkry het.
- Dink aan alles wat Job oorgekom het.

Die Satan gebruik ook verskillende middele.

- Hy gebruik vriende, jou smaak vir drank of klere.
- Hy gebruik letterlik enige ding, tot byvoorbeeld geld. Vir laasgenoemde kan ek julle verwys na die optrede van Ananías en Saffira.

Die Satan loer elke oomblik op jou en die oomblik wanneer jy verslap in jou verhouding met die Here, dan slaan hy op jou toe.

- Daarom is dit so bitter nodig dat ons altyd moet bid dat die Here ons moet bewaar van die versoekinge wat die duiwel vir ons in gedagte het.
- Ons moet nie die fout maak om te dink dat die mag van die duiwel en ons begeertes nie groot is nie. Die treurige ervaringe wat baie keer oor ons almal se lewens loop wanneer ons in die noute gekom het met sondes, bewys dit.
- Die Satan het soveel mag dat hy kans gesien het om God van sy troon te beroof.
  - Sy haat en sy vyandskap is werklik ’n saak om mee rekening te hou.
  - Hy haat nie net die Here nie; hy haat almal wat enige positiewe verbintenis met die Here het.
- Daarom is die duiwel so gevaarlik.
  - Hy sal alles wat hy kan, in werking stel om ons skade te berokken.
  - Hy sal jou ook op enige terrein aanval – in jou geloof, besittings of selfs jou liggaam.

Die prentjie is egter nie so donker as wat dit klink nie, want ons moet net altyd onthou dat die duiwel se mag beperk is.

- Sy mag is nie vergelykbaar met God se almag nie.
- Die almag van die Here beperk die duiwel in elke opsig.
- Die Satan kan net beweeg in die ruimte wat God hom toelaat.

Daarom gebruik die Satan allerhande bondgenote.

- Hy het natuurlik al die gevalle engele tot sy beskikking.
- Daarby al die mense wat goddeloos is en sleg lewe.
- Die Satan gebruik ook dikwels die gawes wat God ons gegee het om ons om te krap. Hy gebruik byvoorbeeld ons kennis om die wetenskap soms op so ’n manier aan te wend dat onvaste mense die werking van God in sy ewige Raad moet bevraagteken.
- Net so gebruik hy ook ons begeertes, byvoorbeeld sommiges van ons se oormatige liefde vir materiële dinge.
- Moet net nie vergeet dat die duiwel ook dinge soos hoogmoed en verwaandheid en leuens in ons vestig nie.

Wees net daarop bedag dat ons altyd onder skoot staan in die duiwel se aanvalle op die mensdom.

- In hierdie proses sal onwedergebore mense die Satan se hande sterk maak.
- Maar ons as wedergeborenes moet anders optree – ons is verlos deur die bloed van die Here Jesus Christus. Daarom moet ons lewe die dankbaarheid vir hierdie daad van God altyd vertoon.

As die Satan ons van die Koning van die kerk wil vervreem, moet ons hom teëstaan.

- Al is dit hoe swaar, bly by dit wat vir ons God en Here reg en aangenaam is.
- Moenie deel in die duiwel se haat teen God nie.

Ons dra die beeld van die Here.

- Al is hierdie beeld by ons almal geskend deur die sondeval, het Jesus Christus dit weer herstel.
- Daarby het Hy ook nog die mag van die Satan gebreek.

U as ware gelowiges kan leef in die almag van Jesus se beskerming. Ons moet altyd onthou dat ons – met hierdie almag aan ons kant – die verkeerde dinge van ons af kan weghou.

- Daarom moet ons bid dat die Here ons van versoeking bewaar. Dit is die sleutel vir die oorwinning. Die Here bewaar ons van die Bose – ons weet dit, maar ons moet dit ook vra.

Onthou, ons is die Here se wagters op die mure van die kerk.

- Ons moet kyk wanneer die vyand aanval.
- Maar die wagter op die muur word baie keer vaak, want hy is ’n mens.
- Daarom moet hy bid dat die Here hom moet beskerm en die kwaad van hom af weghou sodat hy sy werk kan doen soos die Here van die kerk dit van hom vra.

Die Here Jesus het net so gebid soos ons.

- Hy het by God gebid vir krag vir sy ontmoeting met die duiwel.
- Toe die duiwel Hom versoek het, het Hy die duiwel beveg en hom uiteindelik beveel om weg te gaan.
- Aan die kruis het Jesus die straf vir die uitverkorenes se sondes gedra. Dit beteken doodgewoon dat elke keer wanneer ons deur versoekings deur die Bose omgeloop is, ons ingesluit is in hierdie versoening.
- Jesus het uit die dood opgestaan vir ons oorwinning.

Bid daarom altyd voor die Een wat die duiwel klaar oorwin het dat Hy ons bystaan en keer dat ons nie in versoeking gelei word nie, en ook dat ons altyd buite die hande van die Bose bly. Verlos ons van die Bose!

Kom ons lees Kategismus Sondag 52 saam.

Vraag 127: Wat is die sesde bede?

Antw. *Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Omdat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan stand hou nie (a) en daarby nog ons doodvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie vlees (d), nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie (e), maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons eindelik vergoed die oorhand behou (f).*

Vraag 128: Hoe besluit jy jou gebed?

Antw. *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Dit alles bid ons van U, omdat U as ons Koning en as Almagtige die wil en die vermoë besit om ons alles wat goed is te gee (a), en dit alles, sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig*

geprys sal word (b).

Vraag: 129. Wat beteken die woordjie: Amen?

Antw. *Amen wil sê: Dit sal waar en seker wees. Want my gebed is veel sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel dat ek dit van Hom begeer (a).*

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 34:8 (p. 169)

8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teëspoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Februarie 2011

Sondag 52
Tekste by vraag 127:
(a)
Joh 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.
Ps 103:14 Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.
(b)
I Petr 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.
Ef 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.
(c)
Joh 15:19 As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle.
(d)
Rom 7:23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.
Gal 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.
(e)
Matt 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.
Mark 13:33 Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.
(f)
I Thess 3:13 sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges.
I Thess 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

Tekste by vraag 128:
(a)
Rom 10:12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.
II Petr 2:9 die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;
(b)
Joh 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.
Jer 33:8, 9 En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtigheid waarmee hulle teen My gesondig het, en vergewe al hulle ongeregtighede waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het. En die stad sal vir My wees 'n vreugdevolle roem, 'n lof en 'n sieraad by al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek aan hulle doen; en hulle sal bewe en ontroer word oor al die goeie en oor al die vrede wat Ek daaraan bewys.
Ps 115:1 Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil.

Tekste by vraag 129.
(a)
II Kor 1:20 Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.
II Tim 2:13 As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.